



**My gebed kan
ander in 'n
krisis bemoedig**

Skrifgedeelte: Handeling 27:27-44

Fokusgedeelte: Handeling 27:35, 36

In Handeling 27 lees ons die geskiedenis van hoe Paulus per skip na die keiser in Rome vir sy verhoor vervoer word, en hoe die skip in 'n hewige storm beland en uiteindelik op Malta gestrand het.

Ná twee weke op die stormsee het Paulus een oggend die mense op die skip aangemoedig om iets te eet. In vers 35-36 staan: "Nadat Paulus dit gesê het, het hy brood geneem, God in die teenwoordigheid van almal gedank, dit gebreek en begin eet. 36 Hulle het almal moed geskep en self ook begin eet."

Dit moes 'n merkwaardige gesig gewees het! Na twee weke in 'n storm is daar 'n man aan boord wat ontbyt eet. Heel kalm en rustig! Nog meer merkwaardig is dat hy eers bid voor hy eet en God in die teenwoordigheid van almal dank! Daar moes 'n sterk getuienis van Paulus uitgegaan het van iemand wat weet sy God is in beheer.

Deur Paulus se gebed en kalm optrede het almal aan boord moed geskep en het hulle self ook geëet. Selfs 'n gewone gebed voor ontbyt kan

evangelisasie wees! Daardie dag is hulle toe almal gered, soos Paulus vir hulle gesê het sou gebeur.

Bid saam vir die volgende:

- Dat ons ook in die storms van die lewe so kalm sal optree.
- Dat ander ook deur ons gebede en kalm optrede moed sal skep.
- Dat ons nie skaam sal wees om God in die teenwoordigheid van ander te dank nie.
- Dat ons bewus sal wees daarvan dat ander mense deur ons optrede en gebede, veral ook in krisis, beïnvloed word.



Publikasie
Publication



Nr./No.: P07